# TALENTE EN GAWES

**TEMA:** **Die Verskil Tussen Talente en Gawes**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: MATTHEUS 25:14-31

**Mat 25:14 Want dit is soos ‘n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.**
**Mat 25:15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.**
**Mat 25:16 En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.**
**Mat 25:17 Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.**
**Mat 25:18 Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.**
**Mat 25:19 En ná ‘n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.**

**-o0o-**

Jesus het meestal ‘n eenvoudige storie vertel om ‘n morele of geestelike beginsel oor te dra. In bogenoemde Skrif verwysing vertel Jesus van ‘n sekere eienaar wat op reis wou gaan en sy besittings aan sy diensknegte toevertrou het. Hy maak dit ook duidelik dat nie almal dieselfde hoeveelheid talente ontvang het nie. (een 5; die ander 2 en die ander 1). Die eienaar wou by sy terugkeer ‘n oes/wins op die talente ontvang. In die lig hiervan wil ek graag die verskil tussen talente en gawes bespreek, want daar bestaan verwarring by die kind van God hieroor. ‘n Mens is geneig om te dink dat dit dieselfde konsep is, tog is daar wesenlike verskille.

### A: TALENTE

- Wat is talente? Talente is ‘n liggaamlike (fisiese) vaardigheid/begaafdheid wat jy ontvang, byvoorbeeld: ‘n mooi sangstem, of jy is ‘n goeie atleet, ensovoorts
- Wat is die doel van talente? Talente word gegee sodat ons daarmee hier op aarde kan funksioneer.
- Wie gee die talente? Die Here skenk dit aan ons uit genade.
- Ontvang almal talente? Ja, sommige in ‘n meerdere mate as ander; elkeen na sy vermoë.

### ONTWIKKELING VAN ONS TALENTE

Dit baat nie dat iemand die potensiaal het om die vinnigste persoon op aarde te word, maar nooit oefen nie. Slegs harde en aanhoudende oefening sal daardie talent ontwikkel sodat die beste potensiaal na vore kan kom. Daarvan kan ek getuig.

Netso baat dit nie dat iemand ‘n fenomenale stem het maar slegs in die stort sing. Sanglesse en opleiding is nodig om daardie stem tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel.

-o0o-

'n Ander voorbeeld is chirurgie. Ek het 'n beroerte gehad en 'n neurochirurg moes 'n breinoperasie op my uitvoer. Ek was verwonderd om te sien hoe die spesialis met sy hande so 'n delikate operasie uitvoer, en dit deur middel van kameras en 'n televisie monitor. Dit sou onmoontlik wees met sy blote oog. Dit is beslis nie elkeen wat dit kan doen nie. Hy het egter nie net die teater binne gestap en met die prosedure begin nie. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van 'n talent wat ontwikkel moes word. Hy het egter die hulp van iemand anders, wie reeds oor die nodige kennis en ervaring beskik het, nodig gehad om daardie talent te ontwikkel en te verfyn. Ons moet altyd in gedagte hou dat talente en gawes nog nooit aan ons behoort het nie. Dit is genadiglik aan ons geskenk om hier op aarde te kan funksioneer; hetsy fisies of geestelik.

Dit is vir my 'n mooi gebaar wanneer sportmanne hul trofeë omhoog hou en aan God die eer gee. Dit is soos dit hoort. Die mens ontvang die talent; ontwikkel dit tot sy maksimum; gebruik dit; dien die mensdom daarmee, maar Jesus Christus moet altyd verheerlik word. Wanneer jy hier op aarde die talente waarmee God jou geseën het, tot Sy eer gebruik sal jy jou loon in die ewigheid ontvang.

## B: GAWES

Ons onderskei tussen aardse gawes en geestelike gawes.

- **Aardse gawes** is dinge soos geld, reën, 'n motor, gesondheid ensovoorts. Dit is gawes wat vir ons gegee word om die lewe makliker/geriefliker en selfs meer voorspoedig te maak. Ons moet in gedagte hou dat God ons niks skuld nie. Toe Hy Sy Seun gegee het, het Hy die volledige Woord vir ons gegee. Alles wat ons nodig het, sal nodig kry hier op aarde, is in die Woord van God geïmplementeer.

Daarom sê die Woord van God*: Matthéüs 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*.

Die Here weet wat het Hy in die mens ingebou. Skuld die Here ons reën? Nee, die Here sê Hy laat reën op die regverdige sowel as die onregverdige**.** *Matthéüs 5:45 sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges*. Ons kan dus nie sê dat ons as regverdiges méér reën as die onregverdiges verdien nie.

- **Geestelike gawes: 'n Geestelike gawe word gegee**
  - (i) Om die liggaam van Christus Jesus op te bou
  - (ii) Om die koninkryk van God uit te brei hier op aarde
  - (iii) Om die Vader te verheerlik.

Die 1ste geestelike gawes waarvan ons lees is in 1 Korinthiërs 12 vers 8-10

**1 Kor 12:8 Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees;**
**1 Kor 12:9 aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;**
**1 Kor 12:10 aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.**

Verder ook lees ons in Romeine 12

**Rom 12:6 En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is:**
**Rom 12:7 is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering;**

-o0o-

**Rom 12:8 of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.**

Dit is die geestelike gawes wat deur ons sal werk. Ons ontvang geestelike gawes wanneer ons tot wedergeboorte kom. Dit is die geskenk van die Bruidegom aan ons, en moet ontwikkel word deur 'n geestelike vader of moeder wat reeds geestelike ontwikkeling getoon het.

**Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**
**Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**
**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**
**Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;**
**Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,**
**Efe 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.**

Hierdie 5 kategorieë (dit is nie titels nie), is **funksies in die Liggaam**, en is daar gestel om **die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die Liggaam van Christus**, sodat die maksimum potensiaal bereik kan word en die Here sodoende deur ons kan werk.

*Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;*

**<u>FUNKSIONERING VAN GEESTELIKE GAWES:</u>**

- 'n Geestelike gawe funksioneer in die samekoms van die heiliges.
- Wanneer die Here 'n mens nodig het vir 'n dienswerk
- Wanneer God Homself, Sy krag deur jou wil openbaar.

Anders as met talente wat mens kan máák werk, kan jy nie 'n gawe maak werk nie. Die verantwoordelikheid om 'n gawe reg te hanteer/bestuur, moet ontwikkel word.

Voorbeeld: die gawe van hande oplê en genesing. Die gawe is in jou; dit gaan nie vermeerder/vergroot nie. Die Here kan 'n miljoen mense deur jou gesond maak. Dit is egter belangrik dat die verantwoordelikheid om dit reg te bestuur, deur iemand onder wie se toesig jy kan funksioneer, ontwikkel word. Indien die gawe nie onder die opdrag en beheer van die Heilige Gees gebruik word nie, kan dit mense dood maak.

Die gawe wat dan bedoel was om te dien kan deur die duiwel gebruik word om dood te maak.

Wanneer die krag van die Heilige Gees oor 'n mens kom, en die salwing deur jou funksioneer, is dit die salwing wat hierdie gawe 'lewend' maak, aktiveer. Dan lê jy hande op mense en hulle word genees. Genesing kan ook plaasvind wanneer jy slegs jou hand na die persoon uitsteek sonder enige aanraking. Die Here het ons al gebruik om deur middel van 'n telefoon bediening mense uit die dood op te wek. Dit is slegs die Heilige Gees wat deur my die werk doen; niks uit myself nie.

-o0o-

Ons moet let op die volgende: daar is ‘n verskil tussen ‘n funksie in die Liggaam en ‘n roeping op jou lewe. Wanneer jy jou motor gebruik om bejaardes na die kerk te vervoer, verrig jy jou funksie in die Liggaam, en daarvoor het jy nie die salwing nodig nie. ‘n Funksie in die liggaam beteken jy dien die heiliges.

Indien jy mooi sing, kan die Here in die samekoms van die heiliges vir jou ‘n lied gee om te sing. Die Here gebruik dan die talent wat Hy jou gegee het as ‘n gawe. Op daardie tydstip kom die salwing óp die lied (die opdrag) en deur jou gehoorsaamheid kan die krag van die Heilige Gees geopenbaar word en die Here kan harte aanraak en doen wat Hy wil. Ons kan alleenlik die roeping op ons lewens vervul wanneer die krag van die Heilige Gees oor ons kom.

***Jesus Christus is die Woord wat in my woon. Die Woord het my die gawes gegee maar nou het ek die krag van die Heilige Gees nodig om op te tree as 3de persoon soos in ‘n transaksie. Woord en Heilige Gees het nou vir my hierdie taak opgelê om uit te voer sodat die Here verheerlik kan word. Derhalwe kan ek niks doen met die gawes sonder die krag van Heilige Gees nie.***

Die roeping op jou lewe maak jou Bruid; wat beklee is met rein fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is. *Openbaring 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges*.

Die Heilige Gees openbaar Christus déúr jou aan die mensdom. Dit bring mense tot die besef dat dit nie ‘n mens is wat hul bedien het nie, maar die Seun van God. Hierdeur word God verheerlik. Hulle sien dan alleenlik vir Christus Jesus, want dit is Sy gawes wat vir jou geskenk is. Hierdie gawes is om altyd die Bruidegom te verheerlik; nie om ons goed te laat vertoon nie.

Jou talente laat jou goed vertoon, wanneer jy op ‘n podium staan en mense jou toe juig. Jy ontvang ‘n medalje of lourierkrans, met ander woorde mense sien jou raak; jy ontvang die eer want jy het goed presteer. Soos jy egter bereid is om mense se oë oop te maak en aan God die eer te gee, gaan die talent wat in jou is en waarvoor jy hard gewerk het, die Here verheerlik.

Dit is totaal ‘n ander saak wanneer die krag van die Heilige Gees oor jou kom, en iemand uit ‘n rolstoel opstaan. Hierdie persoon wéét dan dat daar niemand was wat kon help nie; geen dokter kon hierdie bloedvloeiing/toestand genees nie. Die Here het hierdie persoon gebruik om vir my hande op te lê en die Here genees my; ek is verlos deur die bloed van die Lam!

Dieselfde geld wanneer iemand tydens ‘n bevrydingsessie verlos word van die greep van alkohol, dwelms, hoerery ensovoorts. So iemand kan getuig dat sy/haar lewe heeltemal verander het, dat dit net Jesus kan wees; dit kan net die krag en die gawes van die Heilige Gees wees wat deur die persoon my bedien het. Dit is waarvan ons lees in Efésiërs 4 vers 11-16.

**Efe 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,**
**Efe 4:12 om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,**
**Efe 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;**
**Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;**
**Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,**
**Efe 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.**

-o0o-

**SELF ONDERSOEK**

Here waar staan ek? Het die gawes en talente in my al ontwikkel?

Ons het die talente, die fisiese gawes en die geestelike gawes nodig. Tesame vorm al drie die perfekte plan van God vir die liggaam van Christus Jesus hier op aarde; om sodoende te funksioneer tot opbouing van die liggaam, tot uitbreiding van die koninkryk van die hemele op aarde en tot verheerliking van die Vader.

-o0o-